

## SONDAGOGGEND 1 AUGUSTUS 2021

### Die Gees van die Waarheid

#### Johannes 16:7-15

Dis 'n paar uur voor Jesus se dood. Hy sê vir hulle dat Hy hulle innig lief het en Hy belowe dat die Heilige Gees sal kom. Hy waarsku dat hulle gehaat ien doodgemaak gaan word, soos Hy doodgemaak is.

Ken Hom en Groei. En dit is die werk van die Heilige Gees. Jesus se hart, het ons verlede week gehoor, moenie afvallig word nie. Hy is self deur swaarkry. Emosionele trauma. Hy was diep ontsteld toe Hy vir hulle vertel het dat Judas Hom gaan verrai, Hy was hartseer by Lasarus se graf en het angs beleef in Getsémané. Hy weet wat swaarkry, vervolging, versoekings ens, aan mense doen. Daarom hoor Sy hart. Moenie afvallig word nie. **Om ons Sy kinders te help, gee Hy Sy Gees.**

#### Die Gees van die WAARHEID - Johannes 16:7 en Johannes 16:13

Wanneer Hy kom, die Gees van die Waarheid sal Hy ons in die hele waarheid lei. Nooit ooit sal jy deur die Heilige Gees mislei word nie, of sal Hy valse waarhede verkondig nie, of jou iets gee, of leer wat teen Sy Woord is.

Die wêreld sal. Vriende sal. Die duiwel sal. Hulle sê, maak soos jy goeddink, solank jy dit net geniet en dit vir jou plesier verskaf, maar waarsku nie oor die konsekwensies van jou sondige dae vertel nie. Hulle waarsku nie teen verslawing, siektes, gebroke gesinne, harsteer, verwoesting en dood wat die gevolge is van mense se sondige dae nie.

Hoe sou jy wou hê die Heilige Gees van God moes wees? Die Gees van halwe waarhede was? Die Gees van die Wit Leuen. Die Gees wat vir jou jok, en eendag stilweg sal lag as jy verlore gaan, omdat Hy jou gepaai het en nie die volle waarheid vertel het nie.

Hy kan net die Gees van die Waarheid wees of die Gees van die Leuen. En as Hy die Gees van die Waarheid is, dan sal Sy Woord, God se Woord nie altyd so polities korrek klink nie, of vir ons aanvaarbaar wees nie.

Die Heilige Gees het twee fokusgroepe waaronder en waarmee Hy werk.

#### Die Wêreld (ongelowiges) en die gelowiges - Johannes 16:8-11

##### Die Heilige Gees se werk - Die Wêreld (nog-nie's) - Romeine 3:23-24

Die werk van die Heilige Gees is nie net beperk tot die gelowiges nie. God wat wil hê dat niemand moet verlore gaan nie, werk steeds deur die Heilige Gees onder die ongelowiges of soos ek dit wil noem die – nog-nie's. Die mense wat nog nooit gehoor het van die verlossing van Jesus, of mense wat seergemaak is deur die kerk en die optredes van gelowiges, of wat net nie belangstel nie.

#### Johannes John 16:8a en 9

Die werk van die Heilige Gees is nie om mense te laat sleg voel oor sonde nie of maar net om mense aan te spreek nie of nie saam te stem nie. Sy werk is om hulle te veroordeel.

#### Veroordeel

'n Regsterm - beteken dat 'n aanklaer het sy saak in so 'n duidelik gestel dat dit duidelik is dat die beskuldigde skuldig is. Om die wêreld skuldig te bevind aan sonde, beteken dat die

waarheid van wie Jesus en wat Hy kom doen het so duidelik uiteengesit is dat mense dit kan verstaan sodat hulle dan 'n ingeligte besluit kan neem om dit te aanvaar of te verwerp. Met ander woorde hulle verstaan die konsekwensies is dat hulle sonder God die ewige dood in die hel gaan betree en hulle is ok daarmee.

En wat is hierdie een sonde wat die wêreld aan skuldig bevind word. Die enigste sonde wat jou vir ewig van God gaan vervreem.

### **Glo nie in My nie**

Mense dink oor sonde as moord, en verkragting en kindermishandeling, en dalk leuens, maar die sonde wat maak dat mense verlore gaan is die sonde om nie in Jesus te wil glo nie.

Dink aan iemand wat 'n goeie swemmer is en oorboord val in die middel van die see. Dit sal net 'n kwessie van tyd wees totdat hy verdrink, want niemand is goed genoeg om duisende myle kus toe te swem nie. Maar as 'n lewensredder vir hom 'n tou of boei sou gooi, wat en die persoon sê: "Ek het so pas die goeie medalje by die Olimpiese Spele vir swem gewen, ek het nie jou redding nodig nie," wat dink jy gaan gebeur? Hy of sy gaan verdrink. Nie omdat die lewensredder wreed is nie, maar net omdat hy of sy nie aan die reddingsmiddel van die lewensredder glo nie. Hy is skuldig en gaan verdrink omdat Hy nie die tou of boei aangegryp het en vasgeklou het nie. Wat moet hy doen om gered te word? Gryp die tou. Hy hoef nie nou te probeer swem nie, hy of sy is veilig in die hande van die lewensredder.

Die Heilige Gees kom oortuig die mense dat Jesus Christus is die redder wat God vir die wêreld voorsien het. Mens wat hulle eie waardes en standarde najaag en dink hulle is goeie mense, gaan steeds verlore, want goeie mense gaan nie hemel toe nie, net geredde mense.

### **Good people don't go to heaven, forgiven people do**

Miskien sit jy hier en dink al die goed wat ek gedoen het is net teveel, Jesus sal nooit daarvoor kan betaal nie. Vir jou word die lewensreddende tou van verlossing en vergifnis aangebied.

Nou gaan Jesus verder en dieper en vertel wat die Heilige Gees nog moet doen in die wêreld.

### **Johannes 16:8b en 10**

Daar is net twee stel morele reëls, en standarde waarvolgens mense kan leef. Dit is of die morele waardes van God, of die van die mens. En die van God is duidelik, dit word in Sy Woord duidelik gestel en het oor die eeue heen nog nooit verander nie. Dis standvastig en duidelik.

Die morele standarde van die mens is "all over the place." Ons sien wat nou in die samelewing aangaan, van aborsie, tot selfde geslag huwelike tot "euthanasia." Elke land verskil, in 'n land verskil mense. Elkeen het sy eie morele waardes en vind dit as die enigste waarheid.

Nou sê Jesus die Heilige Gees sal aan die wêreld kom toon dat die Jesus die standaard van geregtigheid is. Hy was gehoorsaam aan God en het nooit gesondig nie. En gelowiges wat die Heilige Gees toelaat om hulle te leer en te lei om daardie standaard na te volg, sal eendag vind dat hulle regverdig righteous voor God verklaar word. Die wêreld kies self om hulle eie waardes te maak en te volg en dit lei tot ewige straf.

### **Johannes 16:8c en 11**

#### **Straf**

Waar sonde en God se regverdige oordeel ontmoet sal daar straf wees. Hierdie is 'n saak van lewe en dood. Ewige lewe en ewige dood. Sonde moet gestraf word, dis wat God besluit het. So die straf kan net op een van twee maniere gevat word.

Die een manier is om te sê dalk onwetend, of deur arrogansie, “ek sal die straf vat. Ek sal my pad oop “negotiate,” want inherent is ek nie ’n slegte mens nie.”

### **Die Ewige Dood - Romeine 6:23**

Of die ander manier is om Jesus die straf te laat vat.

### **Vrygespreek - Romeine 3:25-26**

### **Kind van God - Johannes 1:12-13**

Die teologie, die storie van Christenskap is so eenvoudig en maklik. As jy Jesus aanvaar as die plaasvervanger vir jou straf en in Hom glo is jy kind van God.

As jy dit nie in Jesus wil glo nie, en dit nie aanvaar nie, staan jy in vir jou eie straf.

En dit is die mees belangrikste besluit wat jy en ek kan maak. Mense dink, dalk jy ook, ek leef ’n goeie lewe en alles werk uit vir my. Ek hoef nie vreeslik in Jesus te glo nie, tot die dag van jou dood, dan gaan niks vir jou uitwerk nie, tot in alle ewigheid. En dan kan jy nie jou “geloof” verander nie. Dis waarteen die Heilige Gees ons wil waarsku en die wêreld wil kom waarsku. Die hele tyd is die Heilige Gees aan die werk om mense se harte te oortuig.

So nou gaan Jesus aan en gee vir die wat in Hom glo, die wat nou kinders van God is ’n wonderlike bemoediging.

### **Johannes 16:7**

Vir kinders van God, is daar hierdie versekering van Jesus af. As Hy weggaan sal die Heilige Gees van God, vir altyd by jou en my as Sy kinders wees. Dis nie die afwesigheid van: pyn, hartseer, verlange, swaarkry wat die lewe die moeite werd maak nie. Dis die **teenwoordigheid** van God deur Sy Gees, wat die lewe, die lewe hier en die lewe ewig die moeite werd maak.

### **Die teenwoordigheid van God**

Dis die teenwoordigheid van God in jou en my lewe deur die Heilige Gees wat maak dat ons deur die swaarkry, hartseer en pyn kan gaan, want Jesus se weggaan het beteken dat ons wat God se kinders is, nooit ooit weer alleen sal wees nie.

Die Heilige Gees is nie net die teenwoordigheid van God nie, hoor wat sê Jesus sal Hy doen as Hy kom. Hy sal wees die Helper. Hy praat hier in vers 7 van die Voorspraak, die *parakeletos*, die een wat langs jou sal kom lê as jy stukkend is as gevolg van die slegte dinge van die lewe. Soms het ons hierdie swaarkry en hartseer nodig om net weer te besef, ons het God nodig, en dan sal die Trooster, Heilige Gees daar wees.

Maar sê Jesus die Heilige Gees sal ons ook lei en leer in die Waarheid.

### **Leermeester - Johannes 16:13**

Hy is die Goddelike, Inwonende, Heilige God, wat jou en my lei en leer in die waarheid.

### **In die hele Waarheid lei - Johannes 16:13b Johannes 14:26**

Die Heilige Gees is selfloos van die Drie-Enige God. Hy praat net oor Vader en Jesus. Die Heilige Gees is nie gestuur sodat ons lekker kan voel of snaakse goed kan aanvang, of vreemd op te tree nie. Ek het al in my lewe verskriklike goed gesien wat mense onder die invloed van die “Heilige Gees” doen. Van val en lag en selfs “vomit in the Spirit.” Kerke fokus soms so op die gawes en die werking van die Heilige Gees, dat hulle vergeet dat die werk van die Heilige

Gees is nooit fokus op Hom nie. Nooit sal die Heilige Gees Homself verkondig nie. Nooit sal die Heilige Gees gelowiges se fokus weg van Christus af nie.

Die werk van die Heilige Gees in my en jou lewe is eenvoudig. Meer soos Jesus. Leer die gedrag van Jesus aan. Wees soos Hy. Dink soos Hy. Hê lief soos Hy.

## **2 Korintiërs 3:18**

Die Gees leer ons van gehoorsaamheid, nederigheid. Boldness. Hy leer ons wat die vrug, die gevolge van die werk van die Gees is. Alles eienskappe van Jesus.

## **Galasiërs 5:22-25**

Die Heilige Gees se ultimate taak en werk in my en jou lewe is:

### **Verheerlik Jesus - Johannes 16:**

Ons leef in 'n wêreld waar ander goed op die troon van ons lewens sit. Ander goed bepaal ons tyd en prioriteite. Ander goed en mense dikteer wat ons moet glo en waarop ons moet fokus. God is nie iets wat maar deel uitmaak van ons besige lewens nie. Een van die ysters in die vuur nie, as Jesus nie die vuur in jou lewe is nie, maar net een van die baie ysters in jou vuur, jou besige lewe is, dan is die fokus nie daarop om Hom te verheerlik nie maar jouself. Dan gaan dit oor wat vir jou belangrik en goed en aanneemlik is en lekker is. Die Heilige Gees wil jou en my leer om te snap wie Jesus is. Hierdie selfde Johannes wat hierdie boek geskryf het, skryf ook die boek van Openbaring en hoor wat sê hy:

### **Openbaring 4:1-2**

Hy sien God op Sy troon. 43 keer in die boek verwys Johannes na God op die troon. In 15 van die 22 hoofstukke word na God of Jesus op die troon verwys. Dis hoe dit vir ewig gaan wees in die hemel.

God het nie jou en my aanbedding nodig nie, jy en ek het die aanbedding van God nodig. As jy op die troon van jou hart sit, dan draai die lewe net om jou. Dan moet jy lief gehê en gedien en gehoorsaam word. Neem "my gevoelens in ag, vergewe my, moedig my aan. As jy op die troon is, dan gee ons eer aan onself en nie aan Jesus nie.

Ons Jesus te verheerlik beteken dat ons sê: "Daar is net Een troon en Een wat waardig is om op daardie troon te sit en dit is Jesus.!" Dis die rede waarom ons sing is om ons juis ons fokus af te haal van goed en ons op die troon. Ons sing nie liedere oor jou nie, maar oor Jesus en tot God. Nederige aanbedding is om jou plek te ken, en ons plek is nie op die troon nie, maar voor die troon in aanbedding. En dit is waarmee die Heilige Gees ons graag sal wil help.

# Die Heilige Gees se werk/The Work of the Holy Spirit

